6.4 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.4) neer.

"Dankie, dankie, dankie!" sê die diere, ... (reël 5).

Die herhaling hierbo wys dat die meeste diere ... oor die geskenke was.

A gulsig
B tevrede
C uitsoekerig
D ondankbaar (1)

6.5 Die diere kon self besluit watter geskenke hulle wou hê.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

6.6 Dink jy Olifant het korrek opgetree toe hy die horings gegryp het? Motiveer jou antwoord. (1)

6.7 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.7) neer.

Koning Leeu het gesê dat **die diere nie ore het nie**, want die diere ...

A was doof.
B wou nie ore hê nie.
C is sonder ore gebore.
D het nie na hom geluister nie. (1)

6.8 Voltooi die volgende sin deur woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommers (6.8.1 en 6.8.2) en die ontbrekende woorde neer.

| gulsig; dankbaar; uitsoekerig |
|---|

Koei was (6.8.1) ... oor haar geskenk en Wolf was (6.8.2) ... (2)

6.9 Kameelperd het verkeerd opgetree. Hoe tree **mense** ook soms so verkeerd soos kameelperd op? (1)

6.10 Dink jy Dassie het reg opgetree toe hy sy geskenk gekry het? Motiveer jou antwoord. (1)

6.11 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Jakkals se gedrag by die uitdeel van geskenke het gewys dat hy die (beste/meeste) wou hê. (1)

6.12 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Leeu het honger geword en sommer enige geskenk vir enige dier gegee.
- Leeu wou vir al die diere geskenke gee.
- Leeu het moeg geraak vir die diere se gekla.
- Al die diere het 'n uitnodiging van Leeu ontvang. (4)

6.13 Waarom kan ons sê dat koning Leeu 'n goeie hart gehad het? (1)

6.14 Leeu sê aan die einde van die verhaal vir Jakkals en Wolf om te vat wat hulle wil. Wat kan jy uit Leeu se woorde aflei? (1)

6.15 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die les wat ons uit hierdie verhaal leer, is dat jy nie (altyd die beste vir jouself moet vra/onverantwoordelik moet optree) nie. (1)

**EN**

**VERHAAL B: "DIE TOWERSAK" – Corlia Fourie**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS I**

Daar's niks nie.

Heeltemal niks nie.

Hy neem dit by haar, dop dit binnestebuite en bekyk dit. Hy krap selfs met sy vingers teen die vel soos 'n bobbejaan wat vlooie soek by sy maat.

Maar nee, hy kry niks nie.

"Jy het alles eers uitgehaal," sê hy. "Gisternag toe ek geslaap het."

"Nee, ek het nie. Jy kan maar oral soek. Jy sal niks kry nie."

Hy soek en soek en kry niks nie.

"Is jy nou tevrede?" vra sy. "Soos jy kan sien, werk die sakkie net as jy regtig iets nodig het."

Hulle stap in stilte aan. Hulle stap deur veld wat leeggevreet is deur die sprinkane. Ver weg vlieg twee swart arende in sirkels.

Toe hulle goed honger is, kry hulle hout en maak vuur. Toe gaan sit sy by die vuur en steek haar hand in die sakkie.

Daar kom niks uit nie.

6.16 Waar kom die sakkie vandaan? (1)

6.17 Hoe sou die sakkie die meisie kon help? (1)

6.18 Noem TWEE dinge wat die meisie uit die sakkie gehaal het? (2)

6.19 Waarom, dink jy, kan ons sê dat die meisie 'n goeie ma gehad het? (1)

6.20 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die meisie was (bang/bly) toe sy die jong man die eerste keer langs die pad ontmoet het. (1)

6.21 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.21) neer.

Die jong man se nuuskierigheid het veroorsaak dat die sakkie ...

A vol klippe geword het.
B sy waarde verloor het.
C vol wilde diere geword het.
D meer waardevol geword het. (1)

6.22 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.22) neer.

Die jong man het aanhou neul omdat hy wou weet wat alles in die sakkie was. Die jong man se nuuskierigheid was sleg vir die meisie omdat ...

A sy terug huis toe moes gaan.
B haar ma kwaad vir haar was.
C dit die meisie se lewe in gevaar gestel het.
D sy nie meer goed met die spies kon gooi nie. (1)

6.23 Die meisie was ongehoorsaam.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

6.24 Waarom het die jong man besluit om weg te gaan? (1)

6.25 Nadat die sakkie baie keer vir die meisie gehelp het, het sy die sakkie op die grond gelos en weggeloop. Dink jy dat die meisie die regte ding gedoen het? (1)

6.26 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Die jong man het die meisie verlaat.
- Die meisie wou loop waar sy wil.
- Die meisie het stories uitgedink terwyl sy van dorpie tot dorpie geloop het.
- Die sakkie het niks meer vir die meisie beteken nie. (4)

6.27 Voltooi die volgende sin deur woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommers (6.27.1 en 6.27.2) en die ontbrekende woorde neer.

| lewens; kennis; stories |
|---|

Die gevolg van die meisie wat die sakkie vol (6.27.1) ... gemaak het, was dat sy ander mense se (6.27.2) ... verryk het. (2)

